- Mis uit om nuwe bewegingsoefeninge te leer
- Gewigstoename as gevolg van geen oefening
- Verloor selfvertroue as jy agter raak met jou werk

(3)

- Volg 'n program waarin jy geleidelik strek voor en na 'n oefening om spierspanning te verminder en die liggaam voor te berei vir 'n vermeerdering in aktiwiteit.
- Om op te warm help die liggaam om warm en ontspanne te wees.
- Dit help ook om spiere te verleng en die fascia (dun weefselagie onder die vel wat vel aan spiere bind) op te warm.
- 'n Deeglike opwarming help om die hartsped te verhoog om algemene bloedsvloei te vermeerder, om sodoende die sensusel aan te wakker.
- Dit is baie gevaarlik om oefening onmiddellik te staak terwyl die hart vinnig klop. Dus is dit noodsaaklik om geleidelik af te koel na strawwe oefening.
- Afkoeling help ook om styfheid te voorkom deur die spiere en fascia te verleng.

[10]
(3)

VRAAG 10

MEMO

Fokus van Vraag		Leeruitkomst						Vermoënsvlakke
Spere		✓						
Toepassing								10
LAAG	MEDIUM	HOOG	LU4	LU3	LU2	LU1		

ANTWOORDE:

- 10.1 Trapezius (aanvaar ook Serratus anterior of Rhomboid major en minor of Levator scapula) (1)
 - 10.2 Biceps Brachii (1)
 - 10.3 Pectoralis Major (1)
 - 10.4 Deltoid (1)
 - 10.5 Gluteus Maximus (1)
 - 10.6 Vierkopspier (of aanvaar die 4 individuele spiere – Rectus femoris + Vastus medialis + Vastus lateralis + Vastus intermedius) (1)
 - 10.7 Sartorius (1)
 - 10.8 Latissimus dorsi (1)
 - 10.9 Transverse abdominis (of aanvaar Internal obliques) (1)
 - 10.10 Dyspier (of aanvaar die 3 individuele spiere – Semitendinosus + Semimembranosus + Biceps femoris) (1)
- [10]

VRAAG 11

MEMO

Fokus van Vraag		Leeruitkomst						Vermoënsvlakke
Besering/voorkoming/komplikasies/ behandeling		✓						
Toepassing – behandeling/komplikasies								7
LAAG	MEDIUM	HOOG	LU4	LU3	LU2	LU1		
Ontleding – voorkoming								3

NOTA AAN MERKERS:

11.1 Engé ander moontlike antwoorde wat relevant is moet aanvaar word. Om volpunte te behaal moet 'RICE' in detail verduidelik word.

VRAAG 9

MEMO

Fokus van Vraag		Leernuitlekste						Vermoënsvlakke
LU1	LU2	LU3	LU4					
LAAG								
MEDIUM								
HOOG								
Aksies en spiere/belyning/spierdefinisie								
Kennis – Naam van aksies								
Toepassing – Spiere verantwoordelik vir aksies								
Ontleding – Belyning/spierdefinisie								

ANTWOORDE:

- 9.1 Heup/danser se regte been – uitwaartse rotasie en abduksie
- Knie – fleksie
- Enkel – plantarflexie
- 9.2 Ekstensie (1)
- 9.3 Fleksie (1)
- 9.4 Vierkopspier (bo-beenspier) (1)
- 9.5 Rotasie (1)
- 9.6 Gastrocnemius/Soleus (1)
- 9.7 Adduktorspiere/gluteus maximus (boudspier) (1)
- 9.8
- Belyning verwy's na die wyse waarop gewrigte met mekaar in lyn kom met een of ander beweging.
 - Om gesonde gewrigte te handhaaf, moet jy verseker dat jy nie stres plaas op die ligamente deur die gewrig verder as die normale omvang en bewegingsrigting daarvan te beweeg nie.
 - Die kniegewrig is 'n skarniergewrig wat gebou is om op een vlak met baie min rotasie en geen ruimte vir laterale beweging te beweeg en te buig.
 - Indien 'n oormatige las op die knie geplaas word (soos die landing na 'n gesprong het), en daar is laterale of 'n roterende beweging op die ligamente aan beide kante van die gewrig kan dit op daardie oomblik, skuur.
 - Om te verhoed dat dit gebeur, maak seker dat jou knieë in lyn is met jou middelste toon wanneer jy dit buig.

(5)

- 9.9
- Spier-tonus word beskryf as die konstante inspanning van 'n spier wat dit gereed hou om tot aksie oor te gaan.
 - Dit word deur die **Centrale Senuweestelsel** beheer. Die spierdefinisie help om die gewrigte en bene te beskerm, dus wanneer definisie afneem, verminder die stabiliteit van gewrigte ook.
 - Soos mens ouer word verswak spier-tonus en die vorm van jou ledemate en spiergroepe verander. Die afname in definisie beteken ook dat beweging stadiger word, omdat dit die spier langer neem om vir aksie in gereedheid te kom. 'n Mens kan hierdie proses vertraag deur 'n gebalanseerde oefenprogram te volg soos jy ouer word.
 - Mens moet 'n balans tussen spiergroepe handhaaf aan weerskante van 'n gewrig wat saamwerk om beweging te beheer. Hierdie balans speel ook 'n belangrike rol om 'n gesonde postuur te handhaaf.
 - 'n Lang tydperk van rus of onaktiwiteit kan lei tot spierverswakking en dus ook die vermindering van spier-tonus.

[20]

(5)

VRAAG 7

MEMO

Focus van Vraag							
Vermoënsvlakke		LAAG	LU4	LU3	LU2	LU1	
		MEDIUM					
		HOOG					
		Musiek notas/elemente					
		Toepassing – 7.1					
		Ontleding – 7.2					

ANTWOORD:

- 7.1 7.1.3 Heelnoot
- (1) 7.1.5 Halfnoot
- (1) 7.1.2 Kwartnoot
- (1) 7.1.1 Agstnoot
- (1) 7.1.4 Sestiende noot
- 7.2 7.2.1 Melodie
- (1) 7.2.2 Harmonie
- (1) 7.2.3 Ritme
- (1) 7.2.4 Dynamieke
- (1) 7.2.5 Toonkleur

[10]

- (1)
- (1)
- (1)
- (1)
- (1)
- (1)
- (1)
- (1)
- (1)
- (1)

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 8

MEMO

Focus van Vraag							
Vermoënsvlakke		LAAG	LU4	LU3	LU2	LU1	
		MEDIUM					
		HOOG					
		Meervoudigekeuse-vrae					
		Kennis					

ANTWOORDE:

8.1	B	been na vore	(1)	8.6	C	adduksie.	(1)
8.2	B	borskasëkstensie	(1)	8.7	C	mediaal.	(1)
8.3	C	tendon.	(1)	8.8	C	antagoniste.	(1)
8.4	A	skapula.	(1)	8.9	C	die vermoë om oor 'n lang	(1)
8.5	B	hart.	(1)	8.10	C	'n spier met 'n ferm kwaliteit wat soepel en veërkragtig is.	(1)

[10]

AFDELING B: MUSIEK

VRAAG 5

MEMO

Fokus van Vraag						
LAAG	MEDIUM	HOOG				
LU4	LU3	LU2	LU1	LU4	LU3	LU2
Leeruitkomst		Musiek instrumente/kategoriee				
Vermoënsvlakke		Musiek van 'n danswerk				
		Kennis				
		5				

ANTWOORD:

5.1 A, E

5.2 D/F/E

5.3 B

5.4 C

(2)
(1)
(1)
(1)
(1)
[5]

VRAAG 6

MEMO

Fokus van Vraag						
LAAG	MEDIUM	HOOG				
LU4	LU3	LU2	LU1	LU4	LU3	LU2
Leeruitkomst		Musiek van 'n danswerk				
Vermoënsvlakke		Musiek van 'n danswerk				
		Kennis – 6.2, 6.3				
		Toepassing – 6.4				
		Ontleding – 6.5				

NOTA AAN MERKERS:

Dien geen punte toe vir VRAAG 6.1. Geen punte moet toegedien word as die naam van die choreograaf en die danswerk nie verskat word nie.

EEN MOONTLIKE ANTWOORD VAN 'N INTERNASIONALE DANSWERK:

6.1 *Ghost Dances* deur Christopher Bruce

6.2 In-i-llimani (Chiliese groep)

6.3 Volksliedere

6.4 2 liedjies en 4 volkswyses met die gebruik van klassieke en baskitaar, konsertrom en verskeie slaginstrumente. Die windgeluide in die openingsstonele is opgeneem.

6.5 Die gebruik van volksmusiek met tradisionele Suid-Amerikaanse instrumente verhoog die volksstyl. Musiek dra by tot die stemming, met veranderings wanneer die geeste dans en wanneer die gewone mense dans.

(1)
(1)
(1)
(1)
(2)
[5]

Toneel 2: Olympus
 Op Olympus is die lewe taamlik veilig, en toe Pluto vertel van Euridike, sy nuutste verowering, bied dit welkome hoewel ietwat verontrustende afleiding. Orpheus en Kalliope daag op en Jupiter stem toe tot haar versoek om hulp, waarop al die gode en godinne besluit om hulle na Hades, die Onderwêreld, te vergesel.

Toneel 3: Hades
 Euridike is teen die tyd die ster van die Onderwêreld se nagklub. Net toe die pret goed op dreef is, bederf Kalliope dit deur Jupiter te herinner aan die doel waarvoor hulle gekom het. Hy beveel Orpheus om te gaan, met Euridike saam met hom. Maar Offenbach gryp in en alles onttaard in chaos.

4.3 Paepër gebruik moderne dag simbole om Griekse mitologie uit te beeld sodat mense met die werk verband kan hou. Peter Cazlet ontwerp beide die kostuums en dekor.

Die aandjasse wat die "godinne" dra is ontwerp deur Dicky Longhurst. Die styl van die kostuums reg deur die ballet is tipies van die laat 20's en vroeë 30's.

Die dekor is skouspelagtig. Die openingsstoneel het 'n swierige trap, Olympus lyk soos 'n luukse passasiersboot kompleet met swembad en stoele, en Hades word uitgebied as 'n bedompige nagklub met die oorheersende kleure rooi, donkerpienk en swart.

(2)

4.4 • Paepër gebruik dikwels die persoonlikhede van haar dansers as inspirasie vir haar choreografie: Phyllis Spira, Prima Ballerina vir KRUUK, het 'n merkwaardige sin vir die komedie gehad, en Paepër skep komiese rolle vir haar.

• Paepër was altyd oop vir voorstelle en ander mense se bewegings. Sy het die choreografie opgestel met net soveel insette van die dansers en het hulle aangemoedig om hul eie persoonlike interpretasie van die rolle te gebruik.

• Haar werke is meestal verhalend en haar oogmerk is "om nooit 'n gehoor te verveel nie."

• Haar choreografie weerspreek die uiteenlopende temas geïnspireer deur Afrika-volksverhale (*Die Reënkoningin*), die Antieke (*Cleopatra*), die Bybel (*Johannes die Doper*), die literatuur (*Romeo and Juliet*), die geskiedenis (*Spartacus*), mitologie (*Undine*), opera en operette (*Carmen* en *Orpheus*) en die ou klassieke verhale (*Cinderella*).

• Orpheus het 'n klassieke tradisie, maar passies word gekombineer met alledaagse bewegings en die styl van die passies pas by die era van die werk.

(4)

4.5 Die hoofbestanddeel wat die ballet innoverend maak, is sy wonderlike humor. Dis pure vermaak en trek gehore om presies daardie rede. Dit bevat 'n bietjie satire, soos 'n aërobiese toneel wat dit relevant maak vir ons hedendaagse lewe en ons in staat stel om vir onself te lag. Sy het 'n groot nasaaan van werke wat vandag steeds deur maatskappye gebruik word.

(2)

[15]

70 TOTAAL AFDELING A:

VRAAG 4

MEMO

Fokus van Vraag		Leeruitkomst					Vermoënsvlakke	
		LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Suid-Afrikaanse danswerk								
Kennis – 4.2							7	
Toepassing – 4.3								2
Ontleding – 4.4, 4.5								6

NOTA AAN MERKERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Evalueer die hele antwoord in konteks tot wat die kandidaat weet en ken punte daarvolgens toe.

KRITERIA VIR NASIEN:

- 4.1 Naam van die choreograaf en danswerkgeen punt toegeken.
- 4.2 Ken 7 punte toe vir die sinopsis/storie/tema van die danswerk.
- 4.3 Ken 2 punte toe vir 'n duidelike beskrywing van die kostuum- en stelontwerp.
- 4.4 Ken 4 punte toe vir 'n gedetailleerde verduideliking van die choreograaf se dansstyl en die beweging woordeboek wat in hierdie danswerk gebruik word.
- 4.5 Ken 2 punte toe indien die kandidaat 'n duidelike begrip van die impak van die danswerk op die gehoor toon.

VOORBEELD VAN EEN MOONTLIKE ANTWOORD:

- 4.1 Veronica Paepel – *Orpheus in die Onderwêreld*
- 4.2 Orpheus in die Onderwêreld is 'n uiters komiese ballet gebaseer op die Griekse legende van Pluto, god van die Onderwêreld, wat verlief raak op Euridike, vrou van Orpheus, en haar dan lok na sy koninkryk. Paepel se storie doen weg met die tradisionele verhaal van Orpheus, en sy baseer haar ballet op Jacques Offenbach se operette. Die aksie vind plaas in die laat 1920's, vroeë 1930's binne 'n Frans-Italiaanse agtergrond met Pluto as hoof van 'n Mafia-tipe onderwêreld, Kalliope, Orpheus se ietwat neurotiese en later dranksgugtige moeder en Offenbach self wat 'n ogie hou oor die verrigtinge.

Toneel 1: Hotel le Grand

Orpheus en Euridike se huwelik is nie gelukkig nie, en toe Pluto Euridike verlei en ontvoer, is beide sy en Orpheus verheug. Toe Kalliope, Orpheus se moeder, egter opdag en uitvind wat gebeur het, is sy baie geskok en dring daarop aan dat Orpheus, in die belang van die mitologie, Olympus toe gaan om hulp te kry sodat hy Euridike uit die Onderwêreld kan terugkry. Natuurlik dring sy moeder daarop aan om hom te vergesel.

Die getrommel in Afrika-dans is swaar en het 'n sterk vaste maatslag. Die maatslag word spesifiek gespeel om die uitvoering van sekere stappies en bewegings te beklemtoon. Die nadruk is op die ritme eerder as die vorm en ruimte.

Ballet maak gebruik van klassieke musiek, wat deur 'n pianis of 'n orkes gespeel word. Moontlike musiek tipes sluit in; Minuet, Hornpipe, Sarabande, Polonaise, Mazurka, Waltz, Barcarole, galop, Tarantella, Tango, Polka of 'Ragtime'. In Afrikadans kan die liggaam vrylik beweeg, maar die postuur in ballet word stil gehou gedurende beweging.

Klassieke ballet gebruik fee-verhale, Afrikadans gebruik alledaagse lewe en aktiwiteite wat in die gemeenskap plaasvind. Klassieke ballet weersaan swaartekrag, waar Afrika dans gebruik maak van swaartekrag.

(4)

3.3

- Gebruik van natuurlike buigings van die liggaam
- Dans naby die grond en komplimenteer swaartekrag in plaas daarvan om dit uit te daag

- Artikulasie van basiese en komplekse ritmiese patrone in die tydlyn skaal
- Nabootsing en dramatisering van die natuurlike wêreld diere, insekte of plante) of die elemente soos vuur, water, aarde en lug.

- Danse het oor die algemeen 'n tema (vrugbaarheid, hofmakersy, werk, hiërargie, ens.) en doel (protes, sosialisering, feesviering, die bevragting van maatskaplike kwessies, ens.)

(4)

3.4

Voortbewegend (lokomotief)

- Kort en lang tree gee (bv. *Mohobelo* van die suidelike *Basotho*)
- Die voete skuifel (bv. *Swymdans* van die *San* en *umXentso* of *amaXhosa*-geestelikes)
- In die lug opspring (bv. *Volstruis-paringsdans* van die *Kalahari San* en *Setap* deur die *Batswana*)
- Stamp van die voete (bv. *inGoma* of *amazulu*)

Nie-voortbewegend (nie-lokomotief)

- Tril (vibreer) en skud (bv. *uMityityimbo* of *amaMpondo*)
- Milmie en gebare (bv. *Toordans* van *Bororo-Fulani*)
- Kniel (bv. *Mokgibido* van suidelike *Basotho*-vroue en -meisies)
- Spring (bv. *Ilmoran* krygsdans van die *Masai*)

(6)

3.5

- Vrugbaarheid – vir mense, diere en opbrengs, insluitende rituele rondom geboorte.
- Ontgroening – rites van oorgang vir seuns en meisies as hulle puberteit bereik.
- Rituele van jag en diere – in gemeenskappe waar jag en visvang voedsel voorsien, word rituele gevind wat die verwantskap tussen mens en diere, die eerbied vir hul geeste en dank vir die voedsel wat hulle lewer, wys

- Genesingsregte – genesingsregte word oral gebruik, dikwels deur 'n spesiale "dokter", sjamaan of medisyne man, of as 'n hele gemeenskap tydens "waansinnige dans" uitgevoer. 'n Soortgelyke vorm word steeds vandag beoefen, bv. danstherapie.
- Begravningsregte – om siele met rus te laat, om geeste te onthou of hul te paai, beskerming van die gemeenskap en diegene wat nog lewe.
- Oorlog-en wapens-rituele – vra of dank vir oorwinning, om gees en eenheid tussen soldate te bou.

(4)

[20]

VRAAG 3

MEMO

Fokus van Vraag		Leëruittkoste				Vermögensvlakke	
LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG	
			✓				
Kruis kulturele/inheemse							
Dansvorms/beginsels/rituele							
Kenniss – 3.1							
Toepassing – 3.2, 3.3, 3.4							
Ontleding – 3.5							

NOTA AAN NASIENERS:

Bale moontlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word.

KRITERIA VIR NASIEN:

- 3.1 Ken 1 punt toe vir die verduideliking van wat tradisionele dans is, en 1 punt vir die verduideliking van wat inheemse dans is.
- 3.2 Ken 2 punte toe vir verduideliking van die karakter eienskappe van Afrika-dans en 2 punte vir die verduideliking van die karakter eienskappe van enige ander dansvorm.
- 3.3 Ken 4 punte toe vir die beginsels van Afrika-dans.
- 3.4 Ken 6 punte toe vir 'n gedetailleerde verduideliking van sommige van die basiese bewegings wat in die Afrika-dansstyle teenwoordig is.
- 3.5 Ken 2 punte toe vir die benaming van die rituele en 2 punte vir die doel van die rituele.

MOONTLIKE ANTWOORDE:

- 3.1 *Tradisionele dans* – dit is danse wat van een generasie na die volgende oorgedra word, en die geskiedenis en kultuur vertel wat hulle verteenwoordig, bv. die Rietdans. *Inheemse dans* – dit is danse wat ontstaan waar hulle ontwikkel het bv. “Pantsula”.
- 3.2 Afrika-dans is 'n manier van lewe en word oorgedra van geslag tot geslag. Dit is ingeweer in die sosiale en kulturele struktuur van regoor Afrika. Die bewegings is gestileerd en kom uit die hele Afrika. Hierdie invloede het die dans verander in 'n kunsvorm met 'n diverse mengsel van beweging, gebare en postuur.

(2)

Klassieke ballet is gebaseer op klassisisme in die kuns van die skilderkuns en beeldhoukuns wat 'n ideale liggaam voorstel. Dit het 'n streng sin van balans en formele ontwerp. Ballet behels detail en akkuraatheid van beweging en gebare, stappe en posies wat verband hou met mekaar en 'n gebalanseerde posisie te vertoon.

- 2.6
- Graham se tegniek is gebaseer op die beginsel dat die rug die bewegingsbron is met besondere klem op die lae rug en die buik. Die 'kontraksie en vrylaat' en die 'spiraal' behels die rug as die bron van beweging.
 - Die kern van Graham se tegniek lê in die beheer van postuur, soos verkry deur asemhalingbeheer.
 - Graham se skeppende/kreatiewe skat gee aanleiding tot haar tegniek en die internasionale bewegingskat van moderne dans.
 - Martha Graham het danse choreografeer wat deur mites, legendes, die geskiedenis, politiek en lewensaspekte, insluitende die werking van die verstand geïnspireer is.
 - Graham het uitdagende musiekpartiture gebruik.
 - Graham se benadering was meesal sosiale bewustheid.
 - Aanvanklik het sy geen stelle of luukse/spoggerige kostuums gebruik nie, niks mooi of sag nie.
 - Haar choreografie het natuurlike aksies, soos hardloop, stap en huppel, gebruik.
 - Graham het hoekige houdings/posisies, eksplisiete en gestileerde gebare gebruik.
 - Sy het abstrakte verhoogstelle gebruik.
 - Sy het gepoog om abstrakte bewegings met emosionele toestande te laat saamsmelt.
- (5)
- Graham se rewolusionêre danstegniek is moontlik haar grootste prestasie. Dit het 'n kragtige invloed op alle vertakkinge van kontemporêre teater gehad en het Graham gevestig as die persoon wie se lewe die enkele grootste bydrae tot moderne-dans gemaak het.
 - Sy het bewustheid van die menslike liggaam en die inherente geheimenisse daarvan aangemoedig.
 - Graham het 'n effektiewe taal vir moderne dans ontwikkel, toeganklik vir volgende generasies.
 - Baie groot moderne en balletchoreografe is deur haar geïnspireer of het in haar geselskap gedans – Merce Cunningham, Paul Taylor, Twyla Tharp, Michal Baryshnikov, Rudolph Nureyev en Madonna.
 - In 1976 het Martha Graham die eerste danspersoonlikheid geword wat die Presidensiele Medalje vir Vryheid ontvang het. Die toekennning, wat deur President Gerald R. Ford aan Graham gegee is, is die hoogste moontlike eer vir 'n Amerikaanse-burger.
 - Graham het ook die *French Legion of Honour* in 1979 en die Kennedy *Centre Honours Award* as erkenning vir haar betekenisvolle bydraes tot Amerikaanse kultuur deur die uitvoerende kunste ontvang.
 - Graham se choreografiese loopbaan het 'n blywende impak op moderne-dans gehad, in sowel Amerika as oorsee. Alhoewel Graham nie moderne-dans uitgewind het nie, het sy dit verpersoonlik/vergestalt. Graham het die wyse waarop kunstenaars regoor die wêreld beweeg, verander.
- (2)

- 2.4
- Van 1913 tot 1916 het Graham teater by die Universiteit van Cumnock bestudeer.
 - Met geen noemenswaardige formele dansopleiding nie het die 22-jarige by die Denishawn Skool ingeskryf.
 - Dit was by Denishawn Skool dat sy haar basiese opleiding ontvang het. Alhoewel sy volgens dansstandaarde laat begin het, het haar vasberadenheid, intelligensie en haar stywe, slanke lyf die aandag van Ted Shawn getrek.
 - Graham en Shawn het teenoor mekaar in die hooftrolle gedans en dit het Graham wyderspreide blootstelling gegee.
 - Graham het egter gou moeg geword vir Denishawn se dekoratiewe styl, tradisionalisme en romanthisme. Graham het gevoel dat die 'ou vorme' nie 'n stem gee aan die mens wat meer volledig ontwaak/bewus is nie.
 - In 1923 het Graham die Denishawn Skool verlaat en begin werk met eksperimentele dans tegnieke wat 'n omwenteling in die teorieë van beweging in al die uitvoerende kunste sou bring.
 - Nadat sy in 1923 na New York verhuis het, het Graham 'n werk by 'n Broadway-revue, *the Greenwich Village Follies*, gekry. Sy het vir twee jaar in die revue gedans en later na die danse wat sy opgevoer het, as '*sexy little things*' verwys. Daar het sy 'n reputasie vir haar balletballades gekry.
 - In 1926, 10 jaar nadat sy vir ander gedans het, het Graham haar eerste solokonsert opgevoer.
 - Die stigting van die Martha Graham "Skool van Modernedans" op 26 April 1926, het nie die einde van Graham se dansloopbaan beteken nie.
 - Dwarsdeur haar lewe het haar dans- en choreografiese loopbane verweef gebly. Graham het voortgegaan om hardnekkig saam haar geselskap te dans tot op 76-jarige ouderdom, en teen daardie tyd het haar verskynings op die verhoog ontlaard in aaklige karikatuur. Graham het troos gesoek in alkohol soos wat sy bewus geword het van haar kwynende kreatiewe energie en die feit dat haar liggaam nie meer die uitdagings van dans kon hanteer nie.
 - In 1948 is sy met Eric Hawkins, een van die dansers in haar geselskap getrou. Die huwelik was egter van korte duur.
 - Ten spyte van haar ouderdom het Graham voortgegaan om tot laat in die 60's te dans. Selfs na haar aftrede in 1969 het sy voortgegaan om te choreografeer en te toer tot met haar dood in 1991.
 - Martha Graham het meer as 170 werke in haar leeftyd choreografeer, die meeste spesifiek vir haar eie geselskap geskep. Haar choreografiese loopbaan het bevestig dat dans 'n medium van selfuitdrukking vir sowel die choreograaf as die danser kan wees.
- (7)
- 2.5
- Graham het 'n metode van asemhaling en impulsbeheer ontwikkel wat sy 'kontraksie en vrylating' (*'contraction and release'*) genoem het. Dit het die leuse van die Graham-tegniek geword.
 - Graham se klasse het op die vloer begin met asemhaling, kontraksies, beenstrekking en algemene strekwerk, gevolg deur buigings, hysings en heupswaai.
 - Sy gebruik bewegings, soos stap, hardloop en huppel gevolg deur wat Graham beskryf as 'n reeks valle, vorentoe, agtertoe en na die kant toe'.

NOTA AAN NASIERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assessseer wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens.

NASIEN KRITERIA:

- 2.1 **Die naam van die choreograaf – geen punte toegeken.**
 Ken 2 punte toe indien die kandidaat plek van geboorte en datum van geboorte gee.
 2.3 Ken 4 punte toe as die kandidaat n duidelike begrip van die choreograaf se dansopleiding en ervaring wys.
 2.4 Ken 7 punte toe indien die kandidaat spesifieke voorbeelde van die choreograaf se loopbaan as n danser en choreograaf gee.
 2.5 Ken 5 punte toe as die kandidaat n ontleding van die choreograaf se dansstyl gee.
 2.6 Ken 2 punte toe indien die kandidaat sy/haar bydrae tot die ontwikkeling van dans gee.

MOONTLIKE ANTWOORD:

(Antwoord in kolpunctvorm gegee om nasien te assisteer.)

2.1 **MARTHA GRAHAM**

- 2.2 Martha Graham is in Allegheny, Pennsylvania – Amerika gebore, 11 Mei 1894.

(2)

- 2.3 Graham, wat as n jong dogter atleties was, het nie haar roeping gevind voordat sy in haar tienerjare was nie.
 Sy het haar vader, wat nie van die teater gehou het nie, oorreed om haar na n opvoering deur Ruth St. Denis by die Mason Opera House in Los Angeles te neem.
 Ruth St. Denis se opvoering het n diepgaande invloed op Graham gehad en het haar geïnspireer om n danseres te word.
 Graham se vader het nie die teater as n beroep goedgekeur nie en sy kon nie met haar opleiding begin tot na sy atsterwe nie.
 Gevolglik het Graham eers met haar formele dansopleiding in haar vroeë 20's begin, nogal oud vir iemand wat beplan om n loopbaan in professionele dans te volg.
 Nog n invloedryke man in Graham se lewe was die Amerikaanse pianis, komponis, skrywer en onderwyser, Louis Horst.
 Hy het Graham aan uitdagende partiture bekendgestel.

(4)

1.4 DEKOR EN TONEELSTELLE

- Toneelstelle/dekor kan 'n belangrike deel van 'n opvoering wees
- Dit behoort tot die tema van die opvoering/produksie by te dra of dit te versterk
- Uitvoeringspasië moet in ag geneem word – werk of rondom die toneelstelle of sluit dit by die opvoering in
- Koste moet in ag geneem word want dit kan 'n duur element van produksie wees
- Veiligheid moet in ag geneem word; dansers moet nie hulself beseer teen skerp hoeke/vlakte, ens. nie.
- Installering/Opstel moet in ag geneem word aangesien dit professioneel gedoen moet word om beserings te vermy
- Beligting moet in ag geneem word om toneelstelle/dekor te komplementeer. Kleure van toneelstelle/dekor en skadu's moet ook in ag geneem word
- Stoorplek – indien groot waar sal dit gestoor word voor en na die produksie/opvoering
- Wanneer gaan dit opgestel word – opvoorders het tyd nodig om met die stelle saam te werk.

[15]
(3)

VRAAG 2

HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE CHOREOGRAWIE EN HUL DANSWERKE

Internasionale choreograaf	Danswerke
George Balanchine	<i>Appollo of Agon</i>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Martha Graham	<i>Appalachian Spring of Lamentation</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dancers of Rooster</i>
Marius Petipa en Lev Ivanhof	<i>Swan Lake</i>
Vaslav Nijinski	<i>Le Sacre du Printemps</i>
Paul Taylor	<i>Espanade</i>

MEMO

Fokus van Vraag	Leëruikkomste	Vermoënsvlakke
	LU1	HOOG
	LU2	
	LU3	
	LU4	LAAG
		MEDIUM
		HOOG
Internasionale choreograaf		
Kennis – 2.2, 2.3		6
Toepassing – 2.4		7
Ontleding – 2.5, 2.6		7

NASIEŒ KRITERIA:

- 1.1 Ken 1 punt toe vir improvisering en een vir choreografie.
- 1.2 Ken 6 punte toe as die kandidaat die volgende in detail kan verduidelik:
 - Wat is ruimte?
 - Die verskillende tipe ruimtes
 - Hoe hierdie ruimte in choreografie gebruik word
- 1.3 Ken 4 punte toe vir 4 duidelike redes hoe jy jou repetisies vir jou danswerk meer effektiw kan maak.
- 1.4 Ken 3 punte toe as die kandidaat n toepaslike verduideliking kan gee oor die belangrikheid van rekwisiete in n danswerk.

MOONTLIKE ANTWOORD:

- 1.1
 - Improvisasie is vry en spontaan. Dit word gebruik om bewegingswoordeskat te ontwikkel en laat die danser verskillende bewegings van die liggam verken om te eksperimenteer met bewegings/style/ruimte/emosies, ens.
 - Komposisie of choreografie is ingestel en vasgestel. Choreografe gebruik dikwels improvisasie om mee te begin om nuwe idees te kry en dan word hierdie idees in n vaste formaat gebruik – d.w.s. dit hou nie aan om te verander nie.
- 1.2
 - Ruimte is een van die elemente wat in improvisasie gebruik word.
 - Ontwerp binne in die ruimte is die paale en patrone wat die danser binne die opvoeringsarea doen.
 - Die choreograaf plaas dansers op die verhoog en beplan hoe hul binne die beskikbare ruimte sal beweeg om visuele belangstelling en dramatiese effek te skep.
 - Daar is baie variasies en kombinasies van maniere waarop bewegings in die ruimte kan voorkom.
 - Indien dit korrek gebruik word, kan dit die bewegingswoordeskat verreed en n groot impak hê op die manier waarop ruimte in dans gebruik word.
 - Daar is verskillende tipes van ruimte, soos:
 - Negatiewe ruimte – die ongebruikte ruimte rondom die liggam.
 - Algemene ruimte – die ruimte wat jy deel met ander mense.
 - Positief of persoonlike ruimte – die ruimte rondom die liggam, of die ruimte wat jou liggam opneem terwyl dit beweeg of stil is.
- 1.3
 - Beplan jou repetisie rooster
 - Stel dansers in kennis
 - Kies die korrekte dansers
 - Beplan die werk wat in elke repetisie gedek moet word
 - Warm die dansers op
 - Wees stipteilik
 - Orweeg gepaste veiligheidsmaatreëls insluitend alle dinge wat met die kamer te doen het
 - Orweeg toepaslike veiligheid, insluitend alle dinge wat met die dansers te doen het
- (4)
- (6)
- (2)

NOTA AAN NASIENERS/ONDERWYSERS:

- In die voorbeelde van moontlike antwoorde is daar baie meer inligting verskat as 'n bron vir onderwysers en nasieners as wat van die kandidate verwag word.
- Kolpunte ('Bulletts') is in die memo gebruik om nasien te vergemaklik.
- Verwys na die **Vermoënsvlakke** in die 'Fokusvraag'-tabel onder elke vraag om die hoë, medium en lae kognitiewe vlakke, wat in die antwoord verwag word, te bepaal.
- Nasieners moet nie kandidate vir verkeerde gebruik van grammatika of spelling penalisiseer nie. Solank die kandidaat se antwoord duidelik en verstaanbaar is en aan die nasienkriteria (bv. die benoeming van spiere) voldoen. **Hulle mag egter nie volpunte vir opstel-/paragrafiese vrae kry as daar grammatika- en speloute is en die antwoord nie in die regte formaat geskryf is nie of nie die vraag betekenisvol beantwoord nie.**
- In baie van die kwalitatiewe vrae, waar **volledige verduidelikings** vereis word, is een regmerknie nie altyd aan een punt gelyk nie. Halwe punte kan toegeken word.
- **Vermyn die toekennings van volpunte waar die antwoord oppervlakkig en minimaal is.** Hierdie eksamen is die hoogtepunt van 'n 3 jaar-opleidingsperiode, van graad 10 tot 12, en die vlak van strengheid wat vereis word, is dieselfde as vir ander matriekvlakke.
- Waar kandidate agterlosige foute gemaak het, bv. nommering, moet hulle met 10% gepenaliseer word, maar die nasieners en moderator besluit of die kandidaat die betrokke vraag korrek beantwoord het.
- Soek na dit wat die kandidaat weet, nie wat hul nie weet nie.

AFDELING A: GESKIEDENIS

VRAAG 1

MEMO

Fokus van Vraag		Leeruitkomst				Vermoënsvlakke
		LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG
		✓		✓		MEDIUM
						HOOG
	Improvisering/choreografiese elemente/produkselemente					
	Kennis – 1.1, 1.5					2
	Toepassing – 1.3, 1.4					7
	Sintese – 1.2					6

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die antwoorde geassesseer word.

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

PUNTE: 150

**DANSSTUDIES
MEMORANDUM**

SEPTEMBER 2013

GRAAD 12

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAT**

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

